GAUTENG LEGISLATURE

Your View — Our Vision

CELEBRATING 30 YEARS OF DEMOCRACY

1994-2024

GAUTENGSE PROVINSIALE WETGEWER

---

# GAUTENGSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP VERSOEKSKRIFTE 2024

---

*(Soos voorgestel in die Gautengse Provinsiale Wetgewer; verduidelikende opsomming van Wetsontwerp en vorige kennisgewing van sy inleiding in die Staatskoerant, nr. ……. van .....) gepubliseer*

*(Die Engelse teks is die amptelike teks van die Wetsontwerp)*

---

**(VASTE KOMITEE OP VERSOEKSKRIFTE)**

[*G—2024*]

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA**

**[ ]** **Woorde wat vetgedruk en tussen tekshakies verskyn dui weglatings uit bestaande wetsvoorskrifte aan.**

**__________** **Woorde wat met 'n vaste streep onderstreep is dui byvoegings tot bestaande wetsvoorskrifte aan.**

**WETSONTWERP**

*(m)* Die lang titel van die Gautengse Wet op Versoekskrifte, 2002 (Wetnr. 5 van 2002) (hierna verwys as die *"Hoofwet"*), word hiermee gewysig-

*(a)* deur die byvoeging van die volgende:

Om die Gautengse Wet op Versoekskrifte, 2002, te wysig, om sodoende sekere omskrywings te wysig en by te voeg; om voorsiening te maak vir die norme en standaarde vir munisipaliteit om hul stadsverordeninge en beleide oor die verwerking en bestuur van versoekskrifte in ooreenstemming te bring; om voorsiening te maak vir die Uitvoerende Raad se rekenpligtigheid en responsiwiteit aangaande versoekskrifte.

AANGESIEN Artikel 17 van die Grondwet, onder andere, 'n persoon se reg om versoekskrifte in te dien waarborg; EN AANGESIEN Artikel 115 van die Grondwet stel dat 'n provinsiale wetgewer of enige van sy komitees versoekskrifte, vertoë of betoë vanaf enige belanghebbende persoon mag ontvang; EN AANGESIEN Artikel 116 van die Grondwet nie 'n proses en prosedure voorskryf vir wanneer 'n versoekskrif deur 'n wetgewer ontvang word nie;

AANGESIEN Artikel 40 erken dat die drie regeringsfere eiesoortig, onderling afhanklik en onderling verbind is, nie enige bevoegdhede of funksie mag aanvaar behalwe dit wat ingevolge die Grondwet aan hulle toegeken is nie, hulle hul bevoegdhede en funksies moet uitvoer op 'n wyse wat nie inbreuk maak op die

geografiese funksie nie, wedersyds en ter goeder trou in samewerking met mekaar moet tree deur:-

1. vriendelike verhoudinge;

2. by die ooreengekome prosedures te hou; en,

3. voorsiening te maak vir strukture en instansies om tussenowerheidsbetrekkinge te bevorder en te fasiliteer en sodanige betrekkinge te stig.

EN BEHOORLIK die status, rol en funksie van Hoofstuk 9-instansies of enige ander ondersoekende liggaam ingevolge enige wetgewing, TE ERKEN;

verhoudings

**Wysiging van Artikel 1 van Wet 5 van 2002**

**1.** Artikel 1 van die Versoekskrifwet, 2002 (Wetnr. 5 van 2002) (hierna na verwys as die *"Hoofwet"*) word hiermee gewysig deur die volgende in die omskrywing van Grondwet te skrap: ***"Grondwet"*** beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 **[Wetnr. 108 van 1996]** deur die volgende te vervang:

(p) ***"Sekretaris"*** beteken die **[persoon aangestel ingevolge Artikel 12(1)(a) van die Wet op die Gautengse Provinsiale Wetgewersdienste, 1996 (Wetnr. 5 van 1996]** Rekenpligtige Amptenaar van die Wetgewer en sluit enige persoon wat in daardie posisie waarneem, in.

(q) deur die volgende omskrywings by te voeg:

(r) ***"Getuie"*** beteken 'n persoon wat genooi, opgeroep of gedagvaar word om voor die komitee oor die saak verslag te lewer.

(s) ***"Dagvaarding"*** beteken die proses om 'n persoon met wesenlike bewyse te nooi.

(t) ***"Gesag"*** beteken 'n provinsiale departement, munisipale raad, of ander regeringsinstansie wat regsbevoegdheid oor die geopperde saak het.

**Wysiging van Artikel 2 van Wet 5 van 2002**

**OOGMERKE**

Deur byvoeging van die volgende:

2. (1) Die oogmerke van die Wet is om—

(a) wetgewing wat deur Artikel 17 van die Grondwet vereis word, uit te vaardig;

(b) uitvoering aan die letter en gees van die Grondwet te gee;

(c) openbare deelname in die provinsie te bevorder;

(d) die wetgewer se bedrywighede op 'n oop en deursigtige wyse uit te voer;

(e) 'n inwerkingstelling van doeltreffende rekenpligtigheid aan die wetgewer se kiesers te ontwikkel;

(f) die kultuur van deelnemende demokrasie te versnel;

(g) vrywillige en verpligte meganismes en prosedures wat gegee moet word, daar te stel; en

(h) uitwerking te gee aan die reg om versoekskrifte in te dien op 'n wyse wat persone in staat stel om 'n regverdige verhoor wat so eenvoudig en bekostigbaar moontlik is, te verkry.

**BYVOEGING VAN NUWE KLOUSULE**

**VERKLARING**

Enige persoon wat dié Wet toepas moet sy voorskrifte verklaar om sodoende uitwerking te gee aan —

Artikel 17 van die Grondwet, wat die bevordering behels van die indien van versoekskrifte deur wetgewende en ander maatreëls wat ontwerp is om persone wat deur vorige en huidige onbillike diskriminasie benadeel word te beskerm.

b) die toepaslike Vaste Reëls van die Gautengse Provinsiale Wetgewer.

(2). Enige persoon wat dié Wet verklaar moet enige toepaslike wet of praktykkode ingevolge 'n wet en die konteks van openbare deelname en die doel van dié Wet in ag neem.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 3 VAN WET 5 VAN 2002**

**3. Algemene beginsels**

Artikel 3 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende te skrap:

**[(1) 'n Ondertekenaar mag 'n versoekskrif in enige van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika indien.**

**(2) Die komitee moet–**

**(a) die regte van 'n ondertekenaar waarvoor daar in dié Wet voorsiening gemaak word, respekteer, beskerm en bevorder;**

**(b) gepaste stappe neem om deelname deur die provinsie se burgers in die proses van die regering bevorder en vergemaklik, veral mense wat benadeel is deur onbillike diskriminasie van watter aard ook al; en**

**(c) demokrasie versterk deur maksimum rekenpligtigheid en deursigtigheid uit te voer wanneer 'n versoekskrif oorweeg word.**

**(3) Die Speaker moet 'n regverdige en billike proses om versoekskrifte wat ingevolge dié Wet by die wetgewer ingedien is, bevorder en vergemaklik].**

Artikel 3 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van (3) met (1);

deur die woord "publiek" na die woord "vergemakliking" by te voeg;

deur "deelname deur burgers in die provinsie" te skrap;

deur "oorweging van versoekskrifte" by te voeg;

deur "regering van die provinsie" te skrap;

deur "maksimum" te skrap;

(1) Die Speaker moet ’n regverdige en billike proses om versoekskrifte wat ingevolge dié Wet by die wetgewer ingedien is te oorweeg, bevorder en vergemaklik.

(2) Die komitee moet–

(a) die regte van ’n ondertekenaar waarvoor daar in dié Wet voorsiening gemaak word, respekteer, beskerm en bevorder;

(b) gepaste stappe neem om openbare deelname **[deur die provinsie se burgers]** in die proses om versoekskrifte te oorweeg, **regering van die provinsie;]**, bevorder en vergemaklik, veral mense wat benadeel is deur onbillike diskriminasie van watter aard ook al; en

(c) demokrasie versterk deur **[maksimum]** rekenpligtigheid en deursigtigheid uit te voer wanneer ’n versoekskrif oorweeg word.

[(3) ’n Ondertekenaar mag ’n versoekskrif in enige van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika indien.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 4 VAN WET 5 VAN 2002**

**4: Versoekskrif**

Deur die volgende te skrap:

(4)(a) ’n **[massa- of]** groepversoekskrif wat bestaan uit individuele of groepindienings vanaf ’n aantal ondertekenaars aangaande dieselfde of wesenlik soortgelyke klagtes of versoeke.

Deur die volgende by te voeg:

**5. Indiening van ’n versoekskrif**

Deur die volgende by te voeg:

5(4) ’n Ondertekenaar moet eers interne regsmiddels uitput voordat die wetgewer genader word.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 6 VAN WET 5 VAN 2002**

**6. FUNKSIES VAN ’n KOMITEE**

deur die volgende by te voeg en te skrap:

6.(d) Betreffende Lid van die Uitvoerende Raad en **[munisipale]** Speaker van die Raad moet geskei word.

(e) vereis van die persoon of instansie aan wie die versoekskrif verwys is, om binne **[vier weke]** 30 werksdae na sodanige verwysing ’n gedetailleerde, skriftelike verslag aan die komitee te verskaf oor die stappe wat deur daardie persoon of instansie geneem is om die klag, versoek, aanbeveling of instruksie deur die komitee, wat ook al die geval mag wees, aan te spreek, en die redes vir daardie stappe;

(f) as meer tyd benodig word om ’n besluit te neem-

(i) moet ’n Lid van die Uitvoerende Raad of die Speaker van die Munisipale Raad die komitee deur die Speaker se kantoor inlig oor

(ii) die redes waarom meer tyd benodig word; en

(ii) die datum waarteen hulle verwag om die saak te finaliseer, welke datum nie later as 14 werksdae na die datum waarop die tydperk wat in Subartikel 6(e) verval, mag wees nie; en

(iii) moet sy besluit op of voor daardie datum neem.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 12 VAN WET 5 VAN 2002**

**12: Rekenpligtigheid van die komitee**

1. Deur die volgende in Artikel 12(1) na Artikel 6(1)(f) **[en (g)]** te skrap:

2. deur die volgende te skrap:

**[(5) Die wetgewer mag, terwyl die komitee ’n versoekskrif oorweeg, slegs ’n interpellasie betreffende daardie versoekskrif uitvoer wat verband hou met die proses om die versoekskrif te oorweeg en nie betreffende die meriete daarvan nie.]**

**12 (a) Rekenpligtigheid van die komitee** -

Deur die volgende onder Artikel 12(4) by die voeg:

(1) Die komitee moet minstens kwartaalliks ’n verslag voorberei oor elke versoekskrif wat deur hom beoordeel word wat vir oorweging by die wetgewer ingedien moet word.

(2) Die komitee moet ’n jaarlikse geskrewe verslag oor sy aktiwiteite voorberei en by die wetgewer indien.

(3) Die jaarlikse geskrewe verslag van die komitee moet voorsiening maak vir 'n evaluasie van die responsiwiteit, doeltreffendheid en tyd van versoekskrifte wat ingevolge Artikel 8(2) afgehandel is.

**12(b) Rekenpligtigheid deur die Uitvoerende Gesag**

(1) Die Uitvoerende Gesag moet:

(a) verseker dat hy binne die tydperk wat deur die komitee gegee word, op versoekskrifte reageer;

(b) per uitnodiging deur die komitee, die komiteeverhore bywoon;

(c) bywoning van die afgevaardigde senior amptenare by die komiteeverhore oor versoekskrifte wat toepaslik op hulle departement is, verseker;

(d) kwartaalliks verslag lewer en beskryf hoe hulle al die versoekskrifte wat na hul departement verwys is, verwerk het; en

(e) jaarliks verslag lewer en beskryf hoe hulle al die versoekskrifte wat na hul departement verwys is, verwerk het.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 13 VAN WET 5 VAN 2002**

Die volgende Artikel vervang hiermee Artikel 13 van die Hoofwet:

deur die vervanging van **[en wesenlike bewyse]** Klousule 13, met voor die komitee

13(5) deur die volgende na die woordkeuse op eie koste by te voeg

**14. Toepassing van Wet op munisipaliteite in die provinsie**

(1) Dié Wet is toepaslik, met die nodige veranderinge wat deur die konteks vereis word, op munisipaliteit in die provinsie.

(2) In sodanige toepassing, ʼn verwysing in die Wet na—

(a) ʼn provinsiale Staatsliggaam, moet verklaar word as ʼn verwysing na—

(i) ʼn munisipale entiteit soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wetnr. 32 van 2000); en

(ii) ʼn munisipaliteit soos omskryf in Artikel 2(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wetnr. 32 van 2000); en

(b) die verantwoordelike Lid moet vertolk word as ʼn verwysing na die Uitvoerende Burgemeester of Burgemeester van die betrokke munisipaliteit.

**Gauteng Provinsie se standaardstadsverordeninge**

**WYSIGING VAN ARTIKEL 14 VAN WET 5 VAN 2002**

Die volgende byvoeg en skrap:

(1) ʼn Munisipaliteit moet, binne ʼn jaar vanaf die aanvangsdatum van dié Wet—

(a) stadsverordeninge goedkeur wat wesenlik aan die aangeleenthede waarvoor daar in **[Bylaag 1;]** van dié Wet voorsien word, voldoen.

(b) indien die stadsverordeninge reeds bestaan, moet dit hersien en, indien nodig, gewysig word om hul wesenlik te laat voldoen aan die aangeleenthede waarvoor daar in **[Bylaag 1;]** van <u>dié Wet</u> voorsiening gemaak word; of

(c) met goeie rede gegee, die verantwoordelike Lid en plaaslike regering versoek om een uitstel, vir ŉ maksimum van drie maande, toe te staan om aan paragrawe (a) of (b) van Subartikel (1) te voldoen.

(2) Die voorskrifte van Artikels 12 en 13 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wetnr. 32 van 2000), is ingevolge die goedkeuring van stadsverordeninge deur ŉ munisipaliteit ingevolge Subartikel (1), toepaslik.

(3) Die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir plaaslike regeringsaangeleenthede in die provinsie moet, na raadpleging met die verantwoordelike Lid en om munisipaliteite te help om aan die voorskrifte van Subartikel (1) te voldoen, per kennisgewing in die *Staatskoerant* en binne een maand na die inwerkingtreding van dié Wet, voorbeeld-standaardstandsverordeninge oor provinsiale versoekskrifte wat aan dié Wet voldoen, publiseer.

(4) ŉ Munisipaliteit mag kies om die standaardstadsverordeninge wat in die Subartikel oorweeg word, aan te neem.

(3) As die stadsverordeninge wat in Subartikel (1)(a) oorweeg word.

**KORT TITEL EN INWERKINGTREDING**

Dié Wet word die Gautengse Wysigingswetsontwerp op Versoekskrifte, 2024 genoem.

***Memorandum oor die oogmerk van die Gautengse Wysigingswetsontwerp op Versoekskrifte, 2024***

*Ingedien ingevolge Artikel 119 van die Grondwet, gelees saam met die Gautengse Wetgewer se Vaste Reël 196(2).*

**1. Agtergrond**

**3. Doel van die Wetsontwerp**

Die *Gautengse Wysigingswetsontwerp op Versoekskrifte* 2024 beoog om die Gautengse Wet op Versoekskrifte 2002 te wysig om sodoende sekere omskrywings te wysig en by te voeg,; om voorsiening te maak vir die reg om 'n versoekskrif by die wetgewer van Gauteng Provinsie in te dien; om voorsiening te maak vir die norme en standaarde vir munisipaliteite om hul versoekskrifbeleide in ooreenstemming met die gewysigde Gautengse Wetsontwerp op Versoekskrifte te bring; om die mense van Gauteng aan te moedig om alle regsmiddelmaatreëls uit te put voordat dit na die wetgewer geëskaleer word.

**4. Inhoud van die Wetsontwerp**

**Klousule 1**

Dit is die omskrywingsklousule. Daar is sommige omskrywings waarvoor daar nie in die Hoofwet voorsien word nie. Ook, om meer duidelikheid te verskaf oor sommige omskrywings wat in verband met die bestek van die Wetsontwerp gebruik word.

**Klousule 2**

Dié klousule maak voorsiening vir die oogmerk van die Wetsontwerp, naamlik: om wetgewing uit te vaardig wat deur Artikel 17 van die Grondwet, aangaande die

indiening en verwerking van versoekskrifte in die Gautengse Provinsiale Wetgewer, vereis word.

(b) om uitwerking te gee aan die letter en gees van die Grondwet en die Vaste Reëls van die Gautengse Provinsiale Wetgewer;

(c) om openbare deelname in die provinsie te bevorder;

(d) om die wetgewer se bedrywighede op ʼn oop en deursigtig wyse uit te voer;

(e) om ʼn inwerkingstelling van doeltreffende rekenpligtigheid aan die wetgewer se kiesers, te ontwikkel;

(f) om die kultuur van deelnemende demokrasie te versnel;

(h) om vrywillige en verpligte meganismes en prosedures daar te stel om uitwerking te gee aan die reg om ʼn versoekskrif in te dien op ʼn wyse wat ʼn persoon in staat stel om, ʼn regverdige verhoor so eenvoudig en bekostigbaar as moontlik, te verkry.

**2(b) VERKLARINGSKLOUSULE**

Dié klousule handel oor die verklaring van die Wet. Hy maak voorsiening vir die bestek van die Wet en die gees en letter van die Grondwet. Hy kontekstualiseer die wyse waarop die Wet verklaar vertolk moet word.

**Klousule 3**

Die klousule maak voorsiening vir die bevordering en vergemakliking van openbare deelname in ooreenstemming met die Grondwet en die bevordering van demokrasie.

**Klousule 4**

Dié klousule maak voorsiening vir die indieningsproses van 'n versoekskrif. Die klousule is gewysig deur die woord "massa" te skrap, om dubbelsinnigheid te vermy. Die Subklousule maak nou slegs verwysing na 'n groepversoekskrif.

**Klousule 5**

Dié klousule maak voorsiening vir die proses wat gevolg moet word voordat die ingryping van die wetgewer verlang word. Ook, om te verseker dat ondertekenaars interne regsmiddele uitput voordat die versoekskrif by die wetgewer ingedien word.

**Klousule 6**

Dié klousule maak voorsiening vir die proses wat deur die komitee gevolg moet word om die versoekskrif te verwerk. Vereis 'n gedetailleerde verslag deur 'n instansie of persoon by wie die versoekskrif ingedien is om aan die komitee die stappe te verskaf wat geneem is om die klag aan te spreek.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 12 VAN WET 5 VAN 2002**

**12: Rekenpligtigheid van die Uitvoerende Raad en komitee**

Dié klousule maak voorsiening vir verslaglewering deur die komitee aan die wetgewer. Dié klousule is gewysig om responsiwiteit van die Uitvoerende Raad in die provinsie te verseker, wat behels dat daar betyds op die antwoorde op die versoekskrifte gereageer word, en om te verseker dat daar behoorlike afvaardiging by alle komiteevergaderings van die wetgewer is.

Die tydperk van vier weke om op versoekskrifte te reageer is gewysig om ooreenstemming met die wetgewer se program te verseker.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 13 VAN WET 5 VAN 2002**

Dié klousule maak voorsiening vir die prosedure tydens mondelinge getuienis. Dié klousule is gewysig om die tipe getuienis wat tydens ʼn verhoor vereis word, te verduidelik, met die wetgewer se toesighoudende rol oor die Uitvoerende Raad, in ag genome.

**WYSIGING VAN ARTIKEL 19 VAN WET 5 VAN 2002**

Dié klousule maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van die Wet. Dié klousule is gewysig om ʼn jaar aan te dui waarin die Wetsontwerp aanvaar sal word.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Daar sal geen finansiële implikasies wees nie, maar die wetgewer sal ondersteuningsvermoë aan die komitee moet hersien.

**SOSIO-EKONOMIESE IMPLIKASIES**

Daar sal geen sosio-ekonomiese implikasies wees nie.

**GRONDWETLIKHEID VAN DIE WETSONTWERP**

Die Wetsontwerp val in die bestek van die Grondwet; die verwerking van die versoekskrif word derhalwe deur die Grondwet gereguleer.